# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Koninkryks Bediening*

### *Maart 2026*



Koninkryks Bediening Boodskap

Enkele hoofgedagtes uit Boodskap




# *Tref jy die teiken of is jy die teiken?*

***Ds Willem Badenhorst***

Sien ek en jy wat God sien as Hy kyk na die wêreld?

Wat is die hoofdoel van die Kerk van die Here?
Die hoofdoel van die Kerk is om mense saam te vat Hemel toe.

Is dit so moeilik? Dit is eintlik baie eenvoudig. Die Kerk se hoofdoel is om mense voor te stel aan die Lewe (Jesus Christus) sodat hulle nie vir altyd en altyd in die hel deurbring nie.

Die vraag is hoelank wil jy nog wag voor jy daardie tree gee … net 'n treetjie om by iemand te gaan stil staan.

God nooi jou vanoggend om nie net Jesus Christus te ontvang as persoonlike Verlosser en Saligmaker nie, maar Hy nooi jou om gestuur te word as Sy kind wat 'n teiken kan skiet.

Ons is besig met die laaste dae.
Jy kan net bid, of jy kan bid en gaan…
Klim uit jou *comfort zone* uit.

Leef iemand raak ...

**Luister volledige Boodskap:**

**https://www.youtube.com/watch?v=OxSp0jRsa0U**

# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Koninkryks Bediening*

## *Sendelinge*

## *2026*

**Die oorkoepelende Koninkryks Bediening (vroeër Wêreldfokus) aksie van Klipkerk Lichtenburg, wat in die 1990's ontstaan het, se werkaamhede behels:**

**Uitreike en eredienste in Boikhutso, Blydeville en op plase, Hospitaal en Lichthuis bediening, Taxi bediening, uitreik met Jesus Film op plase. Spesiale tentdienste in omgewing en Botswana, die Gideons Bybel plasings en sopkombuis.**

**Uitstuur en ondersteun van sendelinge plaaslik, en ook in Botswana en Mosambiek, asook sendelinge wat tot aan die uithoeke van die aarde uitgestuur is.**

**Lande deur Klipkerk sendelinge bereik: Suid-Afrika, Botswana, Zambië, verskeie ander Afrika lande, Mosambiek, Madagaskar, Indië, Frankryk, Masedonië, Rusland, die Midde-Ooste en Turkye.**



LICHTENBURG KLIPKERK



Ds `Dries en Marlee Volschenk



Ds Willem Badenhorst



Dr Gerard en Vanessa Olivier



Coen en Suria Scholtz



Lukas en Rebekka Lebalelo



Petrus Mere



Aretha Prinsloo



Koos Saaiman




Sarah Innes

# *Wees betrokke by ons Sendelinge*

- **Ds Willem en Marisa Badenhorst:** *Loof die Here vir die voorreg om met gemeentes en leiers te werk. Dankbaar vir God se goedheid en genade. Bid vir Marisa en my wat aan die einde van Maart ‘n kort tydjie verlof neem om na liggaam, siel en gees te herstel en nuwe krag te kry.*
- **Dr Gerard en Vanessa Olivier:** *Dank die Here vir die Nuwe Testament-oudio wat nou op YouVersion beskikbaar is – en bid dat dit wyd versprei. Bid vir die literatuurwerk – duidelikheid in die vertaling, getrouheid, en vordering met die agt boeke. Bid dat God in die behoeftes van die Makhua Bybelbediening sal voorsien en beskerm..*
- **Ds `Dries en Marlee Volschenk:** *Dank die Here vir Sy genade oor hulle. Bid vir emosionele en fisiese krag gedurende hierdie moeilike tyd. Bid vir genesing vir Marlee. (sien ook p6)*
- **Coen en Suria Scholtz:** *Dank die Here vir die Ethnos bediening. Bid vir fisiese krag waar hulle program baie veeleisend is. Bid vir seën op hulle werk. Bid ook vir Hymne in die Midde-Ooste. Bid dat kontak met haar herstel word. Bid vir haar fisiese en emosionele welstand. Bid vir nodige finansies.*
- **Koos Saaiman:** *Dank God vir sy onvermoeide ywer vir die Koninkryk. Dank Hom vir Elmari wat hom bystaan. Bid vir fisiese energie en gesondheid. Bid vir rus na siel, gees en liggaam waar hulle ‘n kort breek vat.*
- **Lukas en Rebekka Lebalelo:** *Dank die Here vir hierdie twee Geesvervulde kinders van Hom. Dank Hom vir hulle nederige getuienis waar hulle alles gee vir die redding van siele. Bid vir fisiese gesondheid en emosionele krag. Bid teen aanvalle van die bose. Bid vir hulle dogter, Tsireletso waar sy weer vir behandeling in Baragwanath Hospitaal opgeneem is.*
- **Petrus Mere:** *Dank die Here vir Petrus wat in Botswana in verskillende villages preek en met mense gesprekke voer. Bid vir vrug op sy arbeid. Bid teen aanvalle van die bose.*
- **Sarah Innes:** *Dank die Here vir elke geleentheid wat Sarah het om haar roeping uit te leef en vir die voorreg wat sy gehad het om Brasilië te besoek vir die “The Send Brazil” geleentheid. Bid die Here se seën op haar werk.*
- **Aretha Prinsloo:** *Dank ons Hemelse Vader vir die geleenthede om te getuig, ook deur kuns. Bid vir wysheid met die saamstel van die weeklikse Klipkerk “Bid vir die Nasies” en die weeklikse Turkse Vennootskap en MENASA se Gebeds versoeke. Bid veral vir sensitiewe onderskeidingsvermoë in die saamstel van die Turkse en Midde-Ooste gebedsversoeke ten einde gelowiges nie in gevaar te stel nie.*

# Bid asseblief steeds volhardend ...

## Ds `Dries en Marlee Volschenk




*" 2025 was n wilde jaar. Dankie aan elkeen wat deur gebed, boodskappies, ondersteuning, besoeke, pakkies en liefde my gehelp het om vas te byt! "* - Marlee (Des 2025)



***Volhard asb steeds saam in gebed vir Marlee.***

**Nuus opdatering:**
Die tweede Stam Sel oorplanting as behandeling teen leukemia het 27 Oktober plaasgevind. Die herstelproses is 'n langsame en moeilike pad. Bid asseblief dat Marlee se liggaam die skenker selle volledig aanvaar en die herstel volkome sal wees.

Bid asseblief vir genesing waar Marlee weer in hospitaal opgeneem is vir behandeling vir *Graft-versus-host disease* — 'n ernsitige komplikasie na 'n Stam Sel oorplanting waar die skenker selle die ontvanger se liggaam aanval.

Bid dat alle newe-effekte sal opklaar, die aangetaste organe herstel en Marlee, wat ernstige uitputting ervaar, haar kragte en energie herwin.

Bid dat ons Hemelse Vader haar en `Dries sal versterk, bemoedig en dra deur hierdie beproewende tyd.

Kontak `Dries en Marlee Volschenk as jy hulle wil bemoedig en/of nuusbrief wil ontvang:
driesmar3@gmail.com
+27 66 371 4494( Dries)  +27 76 828 8790 (Marlee)

#### ***Pray for Lebanon*** *in the shadow of slaughter, in the company of the broken hearted*

God of the crushed in spirit,
God who hears the cry of the afflicted,
God who does not look away —
we bring before You the wounded land of Lebanon.

Lord, have mercy.

We name before You the classrooms now filled
with mattresses instead of books,
the mothers who cannot find their sons,
the fathers who dig through rubble
with their bare hands.

Christ, have mercy.

God of truth,
You see what is happening even when
the world pretends not to.
You see the fear.

You stand with those who mourn,
those who flee,
those who bury their children,
those who have no helper.

Stand now with Lebanon.

Bind up the broken hearted.
Shelter the displaced.
Strengthen the healers who remain.
Protect the rescuers who run toward danger.
Comfort the traumatised who cannot sleep.
Hold the children who tremble at every sound.

Christ, have mercy.

Let Lebanon know that it is not abandoned.
Let every shattered home become a place
where Your nearness is felt.
Let every grieving family find companions
in their sorrow.
Let every traumatised heart feel the warmth
of Your healing.

Christ, have mercy.
Lord, have mercy.
God, have mercy on Lebanon.

Amen

https://thethirdway.org/an-urgent-call-to-prayer-for-those-who-need-a-touch-from-heaven/

**Ek, die Here,**
**sal hulle gebede verhoor.**
**Ek, die God van Israel,**
**sal hulle nie verlaat nie.**
**Ek sal in die laagtes fonteine**
**laat uitborrel en in die woestyn**
**seders laat groei.**
**[*dan sal die mense erken dat Ek God is*]**
**Jes 41**